# Die Lewende Kerk



# Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 12 Maart 2017*

## Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer

## Omgee:

- Ilse-Marié Briel se ma is oorgeplaas na die verswakte afdeling van Protea aftree-oord.
- Johann Müller is Donderdag ontslaan na behandeling vir spanning – hy en Annette is dankbaar dat dit baie gehelp het.

## Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

## Afkondigings:☼…

- Vanmiddag vanaf **16:30** kom al die **hoërskoolleerlinge** by die kerk bymekaar vir hulle byeenkoms en daarna vind die aanddiens/**gemeentetoerusting** om **17:30** plaas.

- ‘n **“Victory in Jesus Christ”** word beplan vir 24 – 26 Maart by **Linden GK**. As jy Engelsprekende familie, vriende of huishulp het wat die naweek wil bywoon, kan hulle bespreek by Celeste Mulder (082 372 8684).
- Die **selgroep vir gesinne** met skoolkinders vergader weer DV **26 Maart** na die erediens in die kuierkamer. Hulle nooi gesinne uit wat nog nie deel is van ‘n selgroep nie, om saam te vergader.
- Vanmiddag om 16h00 tot 17h30 gaan ons voort met die **opleiding vir fasiliteerders** van die Oorwinnaarsbediening in die kuierkamer.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – vandag skink Groep 1, Susan Botha, Kinnie, Annette en Maureen. Volgende Sondag is dit langnaweek en sal daar nie geskink word nie.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

# Pos van koster

- Baie dankie aan Vernon Fortune wat hom uitstekend van sy taak gekwyt het vir die afgelope vyf tot ses maande.
- Hy het werk gekry by ‘n prokureursfirma en moes bedank as koster.
- Daar is dus ‘n geleentheid vir een van ons lidmate om as koster te dien. Laat weet ds Stephan / Neels / Ankie indien jy belangstel.
- Aansoeke sluit vandag, 12 Maart, aangesien ons dringend op soek is na ons volgende Koster!

# Pos van admin beampte

- Ankie de Klerk het bedank met effek 1 April 2017
- Aansoeke vir die pos, wat deeltyds is (3 x 4 ure per week), kan skriftelik gerig word aan kantoor@bergbron.org.za en moet vergesel wees van jou CV asseblief.
- Aansoeke sluit 22 Maart 2017.

# Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

| | | |
|---|---|---|
| 14/03 | ARIADNE BRIEL | 011 477 2133 |
| 15/03 | JOHANN MÜLLER | 082 555 9666 |
| 15/03 | HILDA SCHOURIE | 011 477 1569 |
| 16/03 | IAN ZIETSMAN | 079 488 1278 |
| 17/03 | ERIN ROBERTS | 083 272 5060 |

Mag die Here jou oorvloedig seën

# Gebed: EK IS ... KAN JOU VRYMAAK -

## Benescke Janse van Rensburg uit Vers ‘n dag

In 'n onlangse artikel in die Sunday Times is berig dat bykans 17 miljoen Suid-Afrikaners met depressie sukkel. Dit is 'n derde van ons land se inwoners. Is jy een

van hierdie groep mense? Voel dit soms of jy deur emosionele waters verswelg word of asof jy in 'n diep, donker put staan met geen idee hoe jy daaruit sal kan ontsnap nie?

Die Psalmdigter Dawid het eens só gevoel. In die donker grot waar hy voor Saul en sy manskappe vir sy lewe gevlug het, het hy ook emosioneel geveg om positief te bly. In Psalm 69:2-4 skryf Dawid: "Red my, o God, want die water het tot by my keel gekom. Ek het weggesak in diep modder waarin ek nie kan staan nie. . . Ek het my moeg geroep om hulp, my keel is hees geroep, selfs my oë het ingegee soos ek vir my God gewag het." Ook in Psalm 42:2-4 staan geskryf: "Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God. . . Dag en nag is ek in trane."

Vroeër in Dawid se lewe het hy eerstehands beleef hoe God hom gehelp het om eers as skaapwagter die leeu en beer in die veld te verslaan en later die reus, Goliat. Tog, hier in die grot moes hy veg om vas te hou aan wat hy van EK IS geweet het. In Psalm 42:6-7 lees ons: "Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God!" Hy het gekies om doelbewus God te loof en te prys al het hy nie so gevoel nie.

Watter uitdaging beleef jy tans in jou eie lewe? Is jou huwelik besig om te verbrokkel? Is daar 'n uitdaging by die werk? Is jou siekte besig om sy tol te eis? Is dit finansies wat druk, eensaamheid wat jou wil oorweldig of is dit dalk jou behoefte vir 'n kindjie van jou eie of 'n lewensmaat? Wat doen jy te midde van hierdie uitdagende emosies? Hou jy jou oë op Hom?

In Psalm 40:2-4 lees ons dat Dawid, wat sy oë op Hom gehou het, sy deurbraak beleef: "Ek het gesmag na die hulp van die Here. Hy het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor. Hy het my uitgetrek uit die put van die dood, uit die slymerige modder, my op 'n rots laat staan en my weer op vaste grond laat loop. Hy het my 'n nuwe lied in die mond gelê, 'n loflied vir ons God. Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toebring, hulle sal op die Here vertrou!"

Al weet niemand rondom ons van ons uitdagings nie, kan ons weet dat EK IS daarvan weet - en dat Hy oor ons omgee. Moenie in die vyand se strik trap deur donker emosies 'n geheim te hou omdat ons daaroor skaam voel nie. Kom ons kry eerder iemand wat saam met ons daaroor kan bid - en as dit nodig is, kom ons kry professionele hulp. Alhoewel God ons eensklaps kan genees, doen Hy dit soms deur die proses van medikasie en professionele hulp. Kom ons hou ons oë op Hom, sing 'n loflied in afwagting en onthou dat Hy ons kan vrymaak sodat ons 'n lewe in oorvloed kan smaak. Sterkte.

Vader God, baie dankie dat U by my is in my dal van doodskaduwee. Dankie dat U my dors les en my uit die modder put van hopeloosheid trek en aan my nuwe hoop gee. Help my om deurentyd my hoop op U te plaas. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

**Opdrag:** Maak eerlik 'n lys van dinge wat jou van jou vreugde beroof. Kies om dit aan God oor te gee. As jy voel dat die donker emosies oorweldigend is, kies om die telefoon op te tel en 'n vertroueling daarvan te vertel sodat hulle jou kan help om hulp te kry.

## 22 April, National Day of Prayer met Angus Buchan

- Venue: Wilde Als – 4 km Noord van Bloemfontein.
- Daar is 2 luukse 48 sitplek busse (toilet aan boord) bespreek.(Hylton Ross Coaches). Jou eie opvou-stoele en koelboks word onder ingelaai.
- Koste R 220 pp – laat weet vir Gerhard Botha by 083 537 9770 of 011 477 4971 sodat hy name kan deurgee en jou plek vasmaak.
- Besonderhede van betaling sal by Gerhard beskikbaar wees.

# Jy kan help, asseblief

- Opsoek na werk vir dame in die gemeente.
  Kontak gerus vir Joan by 074 674 7366.

- Opsoek na woonstel / tuinwoonstel vir 2 dames in die gemeente.
  Kontak gerus vir Joan by 074 674 7366
  Of
  Diakonie : Francois Kruger / Elize Fortune (076 223 6389)

- YSKAS TE KOOP: Die ekstra yskas (Fridge Master) wat in die klein kombuis by die kerk staan is te koop vir R 500. Dit kort 'n diens (waarskynlik gas vervang). Kontak kantoor (011 673 9705) of Annette (0082 449 2234)

# Ander nuus...

ONS HUIS TEHUIS VIR BEJAARDES LAAT WEET: 50ste viering die naweek van 7 April. Vrydagaand is 'n braai en dans vir ons inwoners; 8 April is hier 'n spreker en sangers en ons sal vingerete bedien; 9 April is daar 'n ete en 'n diens. Meer detail sal volg

Op 2 September hou ons ons groot fondsinsameling vir die jaar by Hoërskool Florida op die rugbyveld met 'n paar sangers die aand in die saal.

Skryf hierdie datums neer en onthou asb. *Marita van den Berg – Bestuurder*